


# T. JOHANNES DIE AALMOESENIER
## 23 JANUARIE

(c560-619)

Hierdie boorling van die eiland Ciprus was ’n ryk en vermoënde man, gelukkig getroud met ’n vrou en kinders. Toe tref ’n reeks tragedies hom en hy moet sy vrou en kinders aan die dood afstaan. Sy diep geloof laat hom die rug keer op wêreldsgoed en van toe af leef hy slegs vir die opbou van God se koninkryk. Op die ouderdom van 50-jaar word hy verkies tot patriarg van Alexandrië in Egipte, een van die vernaamste setels in die Vroeë Kerk. Hy wy hom veral toe aan die geestelike en liggaamlike versorging van die armes (vandaar sy bynaam die Aalmoesenier).

© Die Oratorium Uitgewery